

**23 Februarie**

**Wysheid vir lewe, ouderdom en dood**

**Skrifgedeelte: Prediker 11:7 – 12:14 (OAV)**

Ons lewe in 'n spanningsvolle tyd. Die Prediker sê egter: “Geniet die lewe as gawe van God.” 'n Wyse lewe is sober, maar nie somber nie. Geniet die lewe, maar moenie geskok wees wanneer die vloek van die sondeval ook aan jou deur klop nie. Dae van duisternis kom vir almal, ook vir die gelowiges. Wees gereed daarvoor en hanteer dit op 'n gelowige wyse.

Om sinvol en vreugdevol in hierdie gebroke en stukkende wêreld onder die son te leef, is die Prediker se slotsom: Vrees God en gehoorsaam sy gebooië. Hierin lê die ware vreugde. Sien alles in die lewe in die lig van Hom wat lewe gee, maar wat ook hierdie lewe weer neem. Dink dus daagliks aan jou Skepper. Om aan jou Skepper te dink, beteken om voortdurend jou lewensomstandighede te evalueer en dan moet dit gevolg word met 'n aksie waarin God al die eer kry.

Wanneer moet ons aan ons Skepper dink? Ons moet aan Hom dink wanneer ons jonk is, voordat ons oud word en voordat ons sterf. Moenie wag nie. Dink aan Hom van die begin af, want wanneer die ouderdom kom, kom die moeisame tye – tye wanneer die vreugde van sig uitgedoof word. Die liggaam verval as gevolg van die ouderdom – hierdie aftakeling van die ouderdom loop uit op die onvermydelike – die dood.

Dink aan jou Skepper! Daar is hoop. In die lig van die tevergeefsheid van die lewe, in die lig van die pynigende aftakeling van die ouderdom en in die greep van die dood is daar hoop ... wat nooit misluk nie ... en dit is jou Skepper. Die ware antwoorde op die lewe word gevind in 'n lewende verhouding met God. Die finale woord is: Vrees God en hou sy gebooië.

*Sing: Psalm 46:3, 6*

*Ds. TC de Klerk (Okahandja)*